Die Christelike Vrou

Oktober 2024 Amptelike mondstuk van die NHSV

Ons sal jou help

Almal weet dat alles deesdae duurder is. Wanneer brandstof duurder word, gaan álle pryse op. Natuurlik kom bitter min (indien enige!) pryse weer af wanneer brandstof nou weer goedkoper word.

Iets wat vir my en beslis vele ander amper traumaties is, is dat die prys van koffie so die hoogte ingeskiet het. Ek is nie goed met persentasies uitwerk nie, maar ek dink nie ek sal ver verkeerd wees nie as ek sê dat die pryse van sommige soorte (ordentlike) koffie selfs verdubbel het.

Sedert ek in die vroeë 1990's afstudeer het, het studiekoste ook astronomies toegeneem. Toe ek klaar studeer het, was my totale studieskuld vir sewe en 'n halwe jaar se studies ongeveer R23 000. Ek het nou net op die Universiteit se webblad gaan kyk en sover ek kan sien, kos BA(Tale) vir 'n eerstejaar tussen R45 000 en R56 000. Net vir één jaar! Sonder dat ek na ander kursusse gaan kyk het, kan ek glo dat iets soos ingenieurswese of kuns of medies beslis meer as dit sal kos.

As 'n student dus deesdae 'n studielening by 'n bank moet uitneem, lyk dit my kon jy netsowel 'n luukse sportmotor of jou eerste huis gaan koop het met daardie soort geld.

As dit nie was vir geleenthede soos die NHSV se studielenings nie, sou ek beslis destyds veel meer gesukkel het om kop bo water te hou. Ek kan dink dat party van vandag se studente veel groter finansiële uitdagings het as wat ek gehad het. As mý studiekoste op vandag se fooie gebaseer was, sou ek dalk nie kans gesien het daarvoor nie.

Genadiglik bied die NHSV steeds hulp aan verdienstelike Hervormde studente in enige studierigting. Vir die studiejaar 2025 kan voornemende studente nog aansoek doen tot **15 Januarie 2025.** Let wel dat slegs lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings. Die aansoekvorm kan ***hier*** afgelaai word.

Hannelie



Ons Tuis Brille & Pille 2024

Ons Tuis Brille & Pille 2024

Motorfietse, kleure en vermaak **Daleen Gouws**

Ons Tuis Piet Potgieter nooi jou hartlik uit na die 19de Brille & Pille, wat vanjaar op Saterdag 2 November plaasvind. Hierdie opwindende dag vol pret is ten bate van Ons Tuis Piet Potgieter, en sluit onder andere 'n *Color Run* en motorfiets-*rally* in.

Die tema vir die jaar, *Bikers at the Beach*, beloof om groot pret te wees! Behalwe vir die *Color Run* en *rally*, sal daar ook geluktrekkings, basaarstalletjies, heerlike kos, en vermaak vir die hele gesin wees.

Die *Color Run*-registrasie begin om 05:30 en die wegspring is om 07:00.

Motorfietsryers kan vanaf 08:00 registreer teen R150, wat jou ontbyt, 'n lapwapen, en 'n inskrywing vir die gelukstrekkings insluit. Die massarit begin om 11:00, met die prysuitdeling om 13:00.

Ontbyt kos R50 en toegang vir besoekers is gratis.

Die dag se gaskunstenaar, Logan Pietersen, sal sorg vir goeie musiek en 'n lekker kuieratmosfeer.

Vir meer inligting, kontak Ons Tuis Piet Potgieter by 015 491 6314, of stuur 'n e-pos aan Mariana van Tonder by marianavt@otmt.org. Inskrywings vir die *Color Run* kan aanlyn gedoen word by https://onstuis.org/brille-en-pille/.

Kom geniet die dag saam met ons terwyl ons fondse insamel vir 'n belangrike doel!

Oor Ons Tuis

Ons Tuis-fasiliteite bied bekostigbare, gehalteverblyf vir persone bo die ouderdom van 50.

Ons erken die behoefte aan veilige, geborge akkommodasie vir ouer persone en daarom bied ons 'n verskeidenheid verblyfopsies: van selfsorgeenhede tot gespesialiseerde sorg en dienste vir persone wat aan Alzheimer se siekte of demensie ly.

Elk van die agt tehuise van Ons Tuis, in drie van Suid-Afrika se provinsies, spog met uitnemende residensiële fasiliteite.

Vir meer inligting oor Ons Tuis en toekomstige geleenthede, besoek gerus Ons Tuis se webwerf by www.onstuis.org.

SP Engelbrecht-museum

Hierdie foto van die Museumgebou is tydens 'n nagtelike spooktoer geneem deur Henk Smit.

Foto's op die volgende bladsy is deur Belinda Botes geneem

SP Engelbrecht-museum

Plakkaatversameling **Ds Carel Johann de Bruin**

Plakkaat nr 6: Kaapse Kerk

Hierdie maand plaas ons nommer vyf van die SP Engelbrecht-museum se plakkate. Voorheen het ons 'n kort opsomming gegee oor die ontstaan van die reeks. Dit is 'n pragtige reeks wat belangrike inligting op kort en kragtige manier weergee.

Gaan kyk gerus hier na vorige artikels en besoek die Museum se Facebookblad hier.

Ds Carel Johann de Bruin

Emerituspredikant

Sekretaris: Komitee vir die Argief, Museum en Biblioteek

By SP Engelbrecht-museum, Eloffsdal, Pretoria

careljohann@gmail.com

082 733 3951

Bo: Ds Carel Johann de Bruin
Onder: Die binnekant van die museum.
Foto's op hierdie bladsy is deur Belinda Botes geneem

KAAPSE KERK

1652

Die Kerk van die Hervorming is aan die Kaap gevestig met die koms van Jan van Riebeeck uit Nederland

Die eerste kerkgebou van Kaapstad.
Die hoeksteen is op 28 Desember 1700 gelê

Lidmaatskapboekie (regs) van die 1840's

Die kerk aan die Kaap

1652: Jan van Riebeeck land aan die Kaap
1665: Aankoms van die eerste predikant, ds Johan van Arckel
1688: Koms van die Franse Hugenote
1795: Reeds vyf gemeentes aan die Kaap
1806: Staat en kerk onder Britse beheer

Hugenotekruis

Malteserkruis (gevorm deur die vier blare van 'n Franse lelie), as simbool van die vier Evangelies

Vier *Fleur-de-Lis*, elkeen met drie blare. Die totaal van 12 blare verteenwoordig die 12 apostels

Knoppies verteenwoordig die agt saligsprekinge

Hangende duif, simbool van die Heilige Gees

kie vir jou kuier in Parys
treekskongres - 2024



NHSV Streekbyeenkomste

Rustenburg **Thea van Rooyen, Streekvoorsitter**

NHSV Streekbyeenkomste

Noordwesstreek **Mari-lizé Beukes, NHSV Dagbestuur**

Die nuwe Streekbestuur is vlnr:
Ds Anina Jansen van Rensburg (visevoorsitter);
Maleny de Beer (voorsitter);
Magda Kok (visesekretaris/tesourier); en
Rita Wiggins (sekretaris/tesourier)

NHSV Streekbyeenkomste

Noordwesstreek **Mari-lizé Beukes, NHSV Dagbestuur**

Noordwes se streekbyeenkoms was by Gemeente Parys – dit was 6 °C gedurende die dag, maar dit het nie ons geesdrif gedemp nie.

Maleny het vir ons die opening gedoen en ons het elkeen saam met haar 'n engeltjie-sleutelhouer aanmekaar gesit.

Plantjies is geplant en die potjies is geverf.

Van ons ander het papierblomme gevou – dit was baie oulik.

Doilies uit Afrika

Doilies uit Afrika

Die voetspoor van Gemeente Pretoria-Oos se Damesbediening strek ver **Susan Kotze**

Die werksaamhede van ons Kreatiewe Kuiergroep (foto links onder) in die gemeente het hierdie jaar 'n baie bevredigende projek geloods en sonder dat dit beplan was, ook oorsese blootstelling gekry.

Om aan hierdie groep van ons Damesbediening deel te neem, bied aan ons persoonlike genot, want ons gebruik ons eie handvaardighede om kuier-kuier 'n diens te lewer.

Ons 2024-projek is om Rata se babasorgplan te ondersteun. Gevolglik het ons babakombersies en kleertjies en speelgoed gehekel of gebrei, asook die res van die babasorgpakke se inhoud versamel en geskenk. Dit behels 'n beginnerspak vir pasgebore babatjies vanaf die melkformule en bottels tot badsepies en weggooidoeke.

Alhoewel ons al die vroue van ons gemeente uitgenooi het om ook hul bydraes te maak, het ons fondse steeds tekortgeskiet. Daarom moes ons ander planne maak om fondse hiervoor te in.

Ons eie ds Rue Hopley het gesorg vir 'n uitkoms: Haar dosentevriendin, prof Liesel Ebersöhn, wou geskenkies wat tipies Suid-Afrikaans is, vir haar akademiese oorsese besoeke saamneem: Sy het gevra vir doilies met Afrika-kralewerk en -kleure… Natuurlik het ons die geleentheid aangegryp en hiermee 'n sak vol geld verdien. (Ons kon veral babaformules en doeke daarmee aankoop.)

Die bevrediging was groot om tien volledige kartonhouers te pak wat tien behoeftige babas kon help om die lewe met gemak en liefde te begin.

Die Kreatiewe Kuiergroep lewer jaarliks 'n bydrae tot barmhartigheidsdiens, asook winter- en somermarkte vir ons gemeente. Ons produkte word hoog aangeskryf en waardeer, daarom sal ons, as dit ons Here behaag, aanhou om hierdie liefdesdiens te lewer.

Medewerkers aan hierdie uitgawe:
Ds Hannelie Botha (redakteur), Thea van Rooyen, ds Carel Johann de Bruin, Mari-lizé Beukes, Daleen Gouws en Susan Kotze
Taalversorging: Tessa Oppermann
Foto's vanaf *www.Pixabay.com* of *https://www.freepik.com* en skrywers. Ander grafika van *www.flaticon.com*
Indien jy nie meer *Die Christelike Vrou* wil ontvang nie, stuur asseblief 'n e-pos na *admin@nhsv.org.za*

	www.nhsv.org.za		***Porterstraat 40, Rawsonville, 6845***		***diechristelikevrou@gmail.com***
	diechristelike		***Christelike Vrou***		***082 923 9439***

Die opinies van rubriekskrywers weerspieël nie noodwendig die oortuigings en standpunte van** Die Christelike Vrou **se redaksie of die NHSV nie.